# LAERSKOOL NUMBI PRIMARY

# Gedragskode vir leerders

**"We Shape The Future"**

**"Ons Vorm Die Toekoms"**

# Inhoud


| | | |
|---|---|---|
| | *Datum van die aanvaarding van beleid* | 3 |
| 1. | Voorwoord | 4 |
| 2. | Doel | 4 |
| 3. | Die visie van die skool | 4 |
| 4. | Die missie van die skool | 4 |
| 5. | Beginsels en waardes: Die regte van leerders | 5 |
| 6. | Verantwoordelikhede van leerders | 6 |
| 7. | Verantwoordelikhede van onderwysers | 7 |
| 8. | Verantwoordelikhede van ouers in die bevordering van die gedragskode van leerders | 8 |
| 9. | Die bewerkstelling van die skoolreëls. | 8 |
| 10. | Skoolreëls | 9 |
| 11. | Skooluniform | 17 |
| 12. | Die hantering van wangedrag | 19 |
| 13. | Dissiplinêre stappe | 22 |
| 14. | Dissiplinêre verhoorproses | 23 |
| 15. | Vul/publiseer van die gedragskode | 23 |
| 16. | Beleidshersiening | 24 |
| 17. | Datum van implementering | 24 |
| 18. | Gevolgtrekking | 24 |

# Gedragskode vir Leerders

## Gedragskode vir leerders

---

### 1. Voorwoord

Behoudens enige toepaslike provinsiale wette, moet 'n beheerliggaam van 'n openbare skool 'n gedragskode vir die leerders aanvaar na oorlegpleging met die leerders, ouers en opvoeders van die skool. 'n Gedragskode moet daarop gemik wees om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig, toegewy aan die verbetering en instandhouding van die kwaliteit van die leerproses. Hierdie beleid handhaaf die regte van alle individue wat daardeur geraak word soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

### 2. Doel

Die doel van hierdie beleid is om te definieër hoe die Laerskool Numbi Skoolgemeenskap 'n gedissiplineerde en vasberade skoolomgewing sal vestig. Dit is 'n proaktiewe hulpmiddel wat poog om die maniere te lei waarop slegte en inkonsekwente gedrag in hierdie skool hanteer moet word. Hierdie gedragskode moet nie as 'n eenvoudige lys reëls vir leerders beskou word nie, maar as 'n riglyn vir gedragsverandering.

### 3. Die visie van die skool

Om elke leerder voldoende toe te rus met die nodige vaardighede om 'n betekenisvolle bydrae in die samelewing te maak.

### 4. Die missie van die skool

**4.1.** Ons poog om ons visie te verwesenlik deur die:

4.1.1. Voorsiening van kwaliteit onderwys

4.1.2. Leer- en ontwikkeling van leierskapsvaardighede

4.1.3. Identifikasie en koestering van verskillende talente

4.1.4. Die skep van 'n kultuur wat die diversiteit van buitemuurse aktiwiteite ondersteun.

4.1.5. Handhawing van dissipline en toewyding.

4.1.6 Bevordering van aanvaarding en verdraagsaamheid teenoor verskeie

godsdienstige oortuigings, terwyl ruimte geskep word vir Christelike aktiwiteite en betrokkenheid

## 5. Beginsels en waardes: Die regte van leerders

**5.1.** Alle leerders en ouers van Laerskool Numbi het die demokratiese reg op 'n billike proses van deelname en besluitneming oor aangeleenthede wat hulle direk by die skool raak.

**5.2.** Lyfstraf mag op geen wyse en/of metode in hierdie skool toegepas word nie.

**5.3.** Niemand mag diskrimineer teenoor 'n leerder wat ook gelyke geleenthede, behandeling, beskerming en voordele voor die reg moet geniet nie.

**5.4.** Leerders het die reg op 'n skoon, veilige, teisteringsvrye en gesonde omgewing, wat voorsiening maak vir bevorderlike onderrig en leer.

**5.5.** Leerders het die reg om van opvoeders te verwag om hoë standaarde van professionaliteit, gedrag en etiek in die praktyk te handhaaf.

**5.6.** Leerders het die reg op vryheid van uitdrukking. Hierdie vryheid het die volgende perke:

a) Leerders mag nie die vryheid van uitdrukking gebruik om onderwysers, medeleerders of personeel te beledig, boelie of teister nie.

b) b) Haatspraak, aanstootlike taalgebruik of diskriminerende opmerkings word nie toegelaat nie.

c) Leerders mag hulself nie uitdruk deur van gewelddadige, onwelvoeglike of ouderdomsonvanpaste materiaal (bv. tekeninge, skryfwerk of spraak) te gebruik nie.

d) Enige materiaal wat skade, onwettige aktiwiteite bevorder of die leeromgewing ontwrig, is verbode.

e) Uitdrukkings moet ooreenstem met die skool se gedragskode, wat sekere vorme van gedrag soos graffiti, onvanpaste kleredrag met slagspreuke of luide ontwrigtings, beperk.

f) Leerders moet riglyne volg op die manier hoe hulle menings deel, soos om hande op te steek tydens klasbesprekings.

g) Vryheid van uitdrukking mag nie inmeng met onderrig, skoolroetines of ander leerders se vermoë om te fokus en te leer nie.

h) Onwelvoeglike dade soos om in die klas te skree tydens lesse, te protesteer of gerugte te versprei wat onnodige konflik veroorsaak, word nie toegelaat nie.

i) Leerders mag hulself nie uitdruk op maniere wat die veiligheid van ander bedreig- of vrees in die skoolgemeenskap skep nie. Bv. gerugte versprei of die aanhutsing van gevegte

j) Laerskoolleerders moet kulturele normes en waardes respekteer. Enige uitdrukking wat onvanpas of aanstootlik is binne die kulturele konteks van die skool en gemeenskap sal beperk word.

k) Leerders se vryheid van uitdrukking word gemodereer deur hul ontwikkelingsouderdom, met leiding deur onderwysers en ouers om hulle te help om hulself konstruktief uit te druk.

**5.7.** Alle leerders het die reg op privaatheid en mag nie sonder redelike vermoede beslag gelê word op hul eiendom nie.

**5.8.** Respek vir die menswaardigheid van leerders moet gehandhaaf word. Dit sluit godsdienstige, kulturele en ander oortuigings in.

**5.9.** Leerders het 'n reg op dissipline gebaseer op respek en waardigheid, sonder onmenslike behandeling, vernedering en onbedagsaamheid.

**5.10** 'n Swanger leerder mag nie toegang tot onderwys geweier word nie.
Die hantering van leerderswangerskap in hierdie skool sal in die Beleid oor swangerskap hanteer word.

**5.11** Geen leerder mag in isolasie en/of alleenaanhouding toegesluit word nie.

**5.12** Leerders het die reg op onderwys. Hierdie reg sluit in die reg om alle klasse in alle goedgekeurde vakke in die skool by te woon, om gereeld ingelig te word oor sy/haar skoolvordering, om van al die skoolfasiliteite gebruik te maak en om hul potensiaal ten volle te laat ontwikkel.

## 6. Verantwoordelikhede van leerders

**6.1.** Alle leerders het die verantwoordelikheid om gereeld skool by te woon. Afwesigheid vanaf die skool moet mettertyd by die skool aangemeld word.

**6.2.** Daar word van leerders verwag om respek te toon teenoor opvoeders, besoekers, ouers, medeleerders en ander individue wat in die skool gevind word.

**6.3.** Leerders moet hul toewyding toon om hul skoolwerk in die klaskamers of by die huis te doen (opdragte, klaswerk, huiswerk, projekte en groepwerk).

**6.4.** Elke leerder is verantwoordelik om werk in te haal in hul tydperk van afwesigheid vanaf die skool.

**6.5.** Dit is die verantwoordelikheid van elke leerder om te verseker dat hulle nie onderrig en leer, of ander aktiwiteite van die skool ontwrig nie.

**6.6.** Leerders is verantwoordelik om te verseker dat hulle nie skooleiendom beskadig nie. Hulle moet goed na die skooleiendom omsien.

**6.7.** Enige leerder wat enige eiendom van die skool opsetlik beskadig, sal verantwoordelik gehou word vir die betaling vir die herstel of vervanging daarvan.

**6.8.** Die leerders is verantwoordelik vir die handhawing van die volgende waardes van die skool:

a) **YWERIGHEID** - Ons pak al ons take met geesdrif aan.

b) **DIVERSITEIT** – Ons erken dat ons verskil, maar respekteer daardie verskille en gebruik dit tot voordeel.

c) **UITNEMENDHEID** – Ons streef daarna om net hoogte kwaliteit werk te lewer.

d) **INTEGRITEIT** – Ons streef daarna om streng morele waardes te handhaaf.

e) **DEURSIGTIGHEID** – Ons sal alle skoolaangeleenthede met openheid hanteer. Geen geheime of verskuilde agendas.

**6.9.** Daar word van leerders verwag om verdraagsaam te wees teenoor ander mense se godsdienstige en kulturele oortuigings in die skool.

**6.10**Die leiers sal die belange en welsyn van leerders verteenwoordig en goeie gedrag onder leerders bevorder.

## 7. Die verantwoordelikhede van onderwysers

**7.1.** Om te verseker dat leerders diensooreenkomstig optree, word daar ook van opvoeders verwag om sekere verantwoordelikhede na te kom om die bevordering van 'n gesonde skoolomgewing te verseker. Opvoeders sal die volgende verantwoordelikhede in die skool handhaaf:

a. Hulself op 'n professionele en aanvaarbare wyse gedra.

b. Opvoeders moet stiptelik wees en gereeld vir diens aanmeld.

c. Wees goed voorbereid vir onderrig en die uitvoering van enige verantwoordelikheid wat aan hulle opgedra word

## 8. Verantwoordelikhede van ouers in die bevordering van die gedragskode van leerders

**8.1.** Die ouers en voogde het 'n rol om te speel in die bevordering van die aanvaarding en nakoming van leerders van hierdie beleid. Daar word voortaan van ouers verwag om die volgende verantwoordelikhede na te kom:

a. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer/voog om voorsiening te maak vir 'n bevorderlike omgewing, hulpbronne en tyd vir die kind om te leer.

b. Ondersteun die skool en moedig leerders aan om die skoolreëls en – regulasies na te kom en verantwoordelikheid vir hul optrede te aanvaar.

c. Neem deel aan die kind se leer deur die kind van die nodige ondersteuning te voorsien, soos om te verseker dat skoolwerk diensooreenkomstig gedoen en voltooi word.

d. Daar word van ouers verwag om SBL- en skoolvergaderings by te woon wanneer hulle genooi word.

e. Ouers het 'n verantwoordelikheid om te verseker dat die kinders beskerm word en in veilige omgewings is.

f. Ouers kan regstappe neem teen enige persoon wat bevind word dat hy die reg van die kind geskend het.

## 9. Die bewerkstelling van die skoolreëls

**9.1.** Die skool moet skoolreëls duidelik uiteensit en publiseer.

**9.2.** Opvoeders sal dieselfde regte as ouers hê wanneer dit kom by die toepassing van dissipline en beheer van 'n leerder tydens die aktiwiteite van die skool.

**9.3.** Leerders sal betrokke wees by die opstel van skoolreëls. Die volgende is maniere waarop leerders by die proses betrokke sal wees:

a. Die ignorering van die skoolreëls sal nie 'n aanvaarbare verskoning wees nie.

b) Hierdie beleid sal bekend gestel word aan die hele skoolgemeenskap

c) Enige dissipline wat uitgevoer moet word, moet so vinnig, regverdig en konsekwent gedoen word, en dit sal 'n regstellende en nie strafmaatreël wees nie.

d) Ouers sal betrokke wees by die regstellende maatreël wat teen 'n leerder getref word.

e) Geen dissipline van 'n leerder kan aan ander leerders gedelegeer word nie.

f) Alle dissiplinêre maatreëls moet ooreenstem met die oortreding wat gepleeg is en sal ernstiger wees namate die gedrag herhaal word.

g) Alle ernstige oortredings moet by die skoolhoof aangemeld word.

h) Die skool moet 'n register hou van alle aangemelde wangedrag wat ook die uitkomste van aksies weerspieël.

## 10. Skoolreëls

**10.1.** Indien 'n sekere uitrusting slegs by die skool beskikbaar is, moet dit nie deur 'n item van 'n ander verskaffer aangekoop word nie. Geen afwyking van die skooluniform sal geduld word nie.

**10.2.** Provinsiale kleure wat vir 'n skoolsport ontvang word, mag Vrydag gedra word (sweetpak, baadjie, gholfhemp). Hemde moet saam met Numbi-sweetpakbroeke en seilskoene gedra word.

**10.3.** As leerders skoolfunksies bywoon, moet hulle die skooluniform dra, selfs al neem hulle nie deel nie.

**10.4.** Slegs Numbi-sportdrag, soos voorgeskryf in artikel 11 van hierdie beleid, sal vir alle sportaktiwiteite gedra word.

**10.5.** Rugbytruie sal voor wedstryde deur die skool voorsien word.

**10.6.** Geen leerder sal toegelaat word om met die verkeerde sportdrag deel te neem nie.

**10.7.** Seilskoene:

a.Seilskoene, met veters of klittenband sal gebruik word om aan sport deel te neem.

b) Geen modieuse-seilskoene sal geduld word nie. Ook by nie by sportbyeenkomste nie.

c)Slegs Numbikouse: blou skoolkouse met geel strepe sal saam met seilskoene toegelaat word.

d) Seilskoene word slegs saam met die sweetpak of sportklere toegelaat.

e) Veters moet te alle tye vasgemaak word en nie net in die kante tussen die

skoen- en die voet ingesteek word nie.

f) Slegs seilskoene met veters of klittenband sal toegelaat word.

g Seilskoene met handelsmerke word nie toegelaat nie.

**10.8.** Voor skool

a) Die skool begin stiptelik om 07:30. Geen leerder sal toegelaat word in 'n klaskamer na 7:30 nie, mits hy/sy saam met 'n onderwyser vergesel word.

b) Almal moet stiptelik en betyds wees vir skool.

c) Skooltasse moet netjies voor 'n klaskamer georden wees. Leerders moet dan onmiddelik na die speelgrond/pawiljoen beweeg.

d) As die klok lui, moet leerders stile n ordelik voor die klaskamer aanmeld

**10.9.** Gedurende die wisseling van klasse

a) Dit moet ordelik uitgeoefen word.

b) Leerders moet in hul klasse wag totdat die wisselende klas verby gestap het.

c) Leerders moet stil,ordelik en so gou as moontlik wissel. Klasleiers moet voorsien dat alle reëls nagekom sal word.

d) Leerders moet in rye, aan die linkerkant, loop.

**10.10.** In die klaskamer

a) Leerders moet geheel en al stil wees indien die onderwyser nie in die klas is nie.

b) Self-disipline moet uitgeoefen word as die onderwyser die klaskamer verlaat.

c) Leerders mag nie eet of drink in die klas sonder toestemming nie.

d) Niemand mag op tafels of enige ander meubelstuk krap of op skryf nie.

**10.11.** Pouse

a) Gedurende pouse moet alle leerders na hul geallokeerde areas beweeg.

b) Geen leerder mag in 'n klaskamer of op die stoepe wees, mits 'n onderwyser hom/haar vergesel of die nodige toestemming gee.

c) Geen speletjies sonder behoorlike toesig sal aanvaar word nie.

d) Geen krieketkolwe of hokkiestokke sal toegelaat word tydens pouse nie.

e) Nadat die klok gelui het om aan te dui dat pouse wel verby is, sal geen leerder toegelaat word om water te drink, hande te was of om die badkamers te gebruik nie.

f) Leerders sal slegs toegelaat word in hul afgebakende areas.

g) Geen gevaarlike speletjies word toegelaat nie.

h) Ouer leerders mag nie met die jonger leerders meng nie.

i) Leerders moet so spoedig as moontlik reageer indien die klok lui en dan aantree voor klasse.

**10.12.** Na skool

a) Geen leerder mag 'n klaskamer, stoorkamer of die skoolsaal betree sonder toesig nie.

b) Geen leerder mag die skoolgronde verlaat, behalwe deur om gebruik te maak van die skoolhekke.

c) Geen balspele word toegelaat tussen- of naby aan skoolgeboue nie.

d) Geen rolskaatse, skaatsplanke of fietse word toegelaat op die stoepe nie.

e) Geen leerder mag met sy/haar fiets op die skoolgronde rondry, asook tydens na skoolure. Indien 'n leerder die skoolgronde betree met sy/haar fiets, moet hy/sy afklim en die fiets na die fietsloots toe stoot. Dieselfde prosedure moet gevolg word na skool.

**10.13.** Fietsloots

a) Slegs leerders se eie fietse mag gestoor en afgehaal word vanaf die fietsloots.

b) Geen leerder mag met die fietse peuter nie.

c) Niemand word toegelaat om naby die fietsloots te wees gedurende die skooldag nie.

d) Alle fietse moet gesluit word.

**10.14.** Skolierpatrollie

a) Dit is die verantwoordelikheid van die leerders om te alle tye gehoorsaam te wees teenoor die skolierpatrollie.

**10.15.** Badkamers

a) Slegs een leerder uit elke klaskamer sal toegelaat word om die badkamer te gebruik.

b) Slegs een leerder mag in 'n toilethokkie wees.

c) Leerders mag onder geen omstandighede in die badkamers speel nie.

d)

**10.16.** Skoolgronde/perseel

a) Geen leerder mag gedurende kontaktyd die skoolgronde verlaat sonder toestemming vanaf die skoolhoof of aangewysde personeellid nie.

b) Geen slegte gedrag sal geduld word op enige tydstip op die skoolgronde nie.

c) Geen rommelstrooi word toegelaat nie.

d) Geen leerder mag die personeel se parkeerarea betree sonder toestemming nie.

e) Leerders word verantwoordelik gehou vir die netheid en opruim van die skoolgrond.

**10.17.** Beskadiging van skooleiendom

a) Die skool se eiendom moet te alle tye gerespekteer word. Leerders sal beboet word vir opsetlike beskadiging van skooleiendom.

**10.18.** Skoolboeke- en tasse

a) Skooltasse moet geskik wees vir skrifte en handboeke. Tasse/sakke sonder kompartemente word nie toegelaat nie.

b) Skooltasse mag nie rondgegooi word nie.

c) Skooltasse mag slegs met een hand gedra word, oor die skouers of op die rug.

d) Skooltasse moet te alle tye skoon en netjies vertoon.

e) Skoolboeke moet oorgetrek word soos aangedui deur die onderwyser.

f) Geen plakkers, behalwe naamplakkers mag op skooltasse geplak word nie.

g) Skryf en teken op skooltasse is streng verbode.

h) Boeke moet verkieslik in 'n boeksakkie geplaas word per vak. Dit is om die boeke te beskerm.

**10.19.** Skoolsaal

a) Geen leerder word toegelaat in die saal sonder toestemming of toesig nie.

b) Geen leerder mag in die saal, op die verhoog of by die voorportaal speel nie.

c) Badkamers in die saal mag nie deur leerders gebruik word nie.

d) Leerders mag onder geen omstandighede op die klavier in die saal speel nie. Dit is streng verbode.

**10.20.** Elektriesetoestelle

a) Leerders mag nie elektriesetoestelle aan- of afskakel nie.

b) Leerders mag nie met elektriesetoestelle peuter nie.

c) Leerders mag nie elektriesetoestelle in die saal bring nie, mits hulle opdrag gekry het vanaf die onderwyser en onder toesig is.

**10.21.** Administrasiearea en personeelkamer

a) Leerders mag slegs die administratiewearea voor skool en gedurende pouses betree.

b) Geen leerder word in die personeelkamer toegelaat gedurende pouse nie.

c) Leerders mag slegs die administratiewearea betree gedurende kontaktyd indien die klasonderwyser toestemming gegee het.

d) Leerders mag nie die kombuis betree nie.

**10.22.** Algemeen

a) Groet alle personeel hoflik.

b) Kougom is streng verbode tydens skool of gedurende enige skoolaktiwiteit.

c) Niemand mag in die beddings/tuin speel of loop nie. Leerders moet buite die afgebakende areas bly.

d) Leerders mag slegs op die stoepe loop, nie hardloop nie!

e) Troeteldiere op die skoolperseel is verbode, mits 'n onderwyser opdrag/toestemming gegee het.

f) Speelgoed is verbode, mits 'n onderwyser opdrag/toestemming gegee het.

g) Leerders mag nie deur die ontvangsarea aan die administratiewe kant loop nie.

h) Geen lasterlike uitdrukking of onwelvoeglike taalgebruik sal aanvaar word nie.

i) Absolute gehoorsaamheid teenoor onderwysers en leiers sal van leerders vereis word.

j) Stiptelikheid is van kardinale belang en skooltye moet gehoorsaam word.

k) Leerders mag onder geen omstandighede op geboue, of enige skooleiendom, (tafels en stoele) skryf nie.

l) Advertensies of kennisgewings mag nie opgesit word, of afgehaal word sonder permissie nie.

m) Selfone en selfoongebruik is streng verbode. Dit sluit gedurende skooluitstappies, wedstryde en toere in. In die geval van 'n noodsituasie sal die onderwyser aan diens of kantoordame die situasie hanteer.

**Die bogenoemde reëls sluit alle skoolaktiwiteite in: toere, wedstryde en uitsappies**

**10.23.** Dogters

<u>**Hare**</u>

a) Hare moet skoon en netjies vasgemaak word, of kort gesny word.

b) <u>Lengte</u>: Los hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.

c) <u>Kuif</u>: Dit moet 'n vingerbreedte bo die wenkbroue wees.

d) <u>Strikkies</u>: Slegs blou, wit of geel. (Monokromaties; kleure mag nie gemeng word nie)

e) Haarbykomstighede moet eenvoudig en van een kleur wees. Slegs blou, wit of geel haarrekkies word toegelaat. Geen gemengde of verskillende gekleurde haarrekkies mag gedra word nie.

f) <u>Haarbande ("Alice bands")</u>: Wit, vlootblou.

g) <u>Knippies</u>: Bruin, goud, silwer, blou, wit of geel.

h) <u>Haarverlengings</u>: Geen pruike/haarstukke/haarverlengings. Geen haarverlengings, bygevoegde haardele, of gekleurde vlegsels word toegelaat nie. Slegs natuurlike hare word toegelaat. Natuurlike hare kan netjies gevleg word.

i) <u>Slierte</u>: Geen slierte.

j) Geen modieuse haarstyle, haarknippe of modieuse kopbande word toegelaat nie.

k) Slegs regaf kuiwe en poniesterte (nie meer as 3) word toegelaat.

l) Hare mag nie gekleur of "geperm" word nie.

m) Hare mag gevleg word, maar dit moet netjies vertoon en geborsel word.

n) Geen olies of "gel" mag op hare geplaas word nie. Dit bevlek die boeke.

o) Indien 'n leerder se hare gevleg is, moet dit netjies en vasgebind wees. Dit mag nie in die oë hang nie.

p) Natuurlike hare moet geborsel en netjies vasgemaak word.

q) Hare moet teruggeborsel word om te keer dat dit nie regop staan nie.

**<u>Naels</u>**

a) Skoon en kort geknip.

b) Geen naellak op vingers en tone nie.

**<u>Grimering:</u>**

a) Geen grimering, lipstiffie of enige lipglans nie.

b) Geen grimeerbasisse of BB-Room word toegelaat nie.

c) Geen oogomlyner nie.

**<u>Juwele</u>**

a) Geen juwele, behalwe klein oorbelletjies of knopiesoorbelle word toegelaat.

b) Oorringetjies mag nie groter as 'n 10 sent muntstuk wees nie.

c) Knopiesoorbelle mag nie 'n gekleurde steentjie of pêrel bevat nie.

d) Slegs een seëlring sal aanvaar word.

e) Geen ander ringe aan die vingers nie.

f) <u>Armbandjies</u>: Slegs een, maar dan moet dit volgens kultuur of geloofsoortuiging wees.

g) <u>Horlosies</u>: Geen helderkleurige of modieuse horlosies.

h) Geen digitalehorlosies wat aan selfone gekoppel kan word of enige elektroniesetoestel nie.

**<u>Moslemmeisies</u>**

a) Die dra van 'n "hijab" is toelaatbaar, maar slegs vlootblou of dieselfde kleur as die…

b) sweetpakbroek.

c) Die serp mag nie versier wees nie en slegs een kleur wees.

d) Hennah en ander patroonversierings mag slegs vir 'n maksimum van 3 dae gedra word.

**10.24.** Seuns

**<u>Hare</u>**

a) Skoon gewas en kort gesny in 'n netjiese seunstyl.
b) Geen "steps" of poniesterte.
c) "Gel" word nie toegelaat nie.
d) Hare mag nie gekleur of gebleik word nie.
e) Geen modieuse haarsnye nie.
f) Haarlyne mag nie ingeskeer met 'n haarskeerder of ingesny word nie.
g) Wenkbroue mag nie patrone bevat nie, of heeltemal afgeskeer word nie.
h) Seuns moet altyd netjies geskeer wees.

**<u>Naels</u>**

a) Skoon en kort geknip.

## 11. Skooluniform

**<u>FORMELE SKOOLUNIFORM</u> – MOET MAANDAE-VRYDAE GEDRA WORD EN TYDENS ENIGE FORMELE SKOOLAKTIWITEIT.**

**MEISIES:**

| **OPSIE 1 - MEISIES** | **OPSIE 2 – MEISIES** | **OPSIE 3 – MEISIES** | **VERSKAFFERS** |
|---|---|---|---|
| Geel hemp met Numbi wapen. | Geel hemp met Numbi wapen. | Geel hemp met Numbi wapen. | Skool se klerewinkel. |
| Blou romp ("schort") | Blou langbroek(lang "schort") | Sweetpakbroek | Skool se klerewinkel. |
| Blou sokkies (kort of lank) met geel strepies. | Blou sokkies (kort of lank) met geel strepies. | Blou sokkies (kort of lank) met geel strepies. | Enige klerewinkel in die dorp. |
| Swart skoolskoene met kittenband/ kaalvoete.<br><br>**GEEN SEILSKOENE** | Swart skoolskoene<br><br>**GEEN SEILSKOENE** | Swart-, blou- of wit seilskoene. Skoenveters moet dieselfde kleur as die seilskoen wees. | Enige skoen- of klerewinkel in die dorp. |
| Blou trui met geel strepe. | Blou trui met geel strepe. | | Enige klerewinkel in die dorp. |
| Numbi sweetpakbaadjie. | Numbi sweetpakbaadjie. | Numbi sweetpakbaadjie. | Skool se klerewinkel. |
| | Meisies moet ordentlike onderklere en bra's dra. | | |

**DIE GEELHEMP MAG NIE SAAM MET SWEETPAK GEDRA WORD NIE**

**SEUNS:**

| **OPSIE 1 – SEUNS** | **OPSIE 2 - SEUNS** | **OPSIE 3 - SEUNS** | **VERSKAFFERS** |
|---|---|---|---|
| Geel hemp met Numbi wapen. | Geel hemp met Numbi wapen. | Geel hemp met Numbi wapen. | Skool se klerewinkel |
| Grys kortbroek | Grys langbroek (langbroeke moet die regte lengte wees en die skoolskoene raak). | Sweetpakbroek | Enige klerewinkel in die dorp |
| Grys langkouse | Grys langkouse | Blou sokkies (lank of kort) met geel strepies. | Enige klerewinkel in die dorp. |
| Swart skoolskoene met kittenband/ kaalvoete<br><br>**GEEN SEILSKOENE** | Swart skoolskoene<br><br>**GEEN SEILSKOENE** | Swart-, blou- of wit seilskoene. Skoenveters moet dieselfde kleur as die seilskoen wees. | Enige klere- of skoenwinkel in die dorp. |
| Blou skooltrui met geel strepies. | Blou skooltrui met geel strepies. | | Enige klerewinkel in die dorp. |
| Numbi sweetpakbaadjie | Numbi sweetpakbaadjie | Numbi sweetpakbaadjie | Skool se klerewinkel. |

**<u>SPORTDRAG</u> – MAG SLEGS GEDRA WORD OP DINSDAE EN DONDERDAE EN TYDENS ENIGE SPORTAANGELEENTHEID.**

| **OPSIE 1 – MEISIES & SEUNS** | **OPSIE 2 – MEISIES & SEUNS** | **VERSKAFFERS** |
|---|---|---|
| Numbi sporthemp | Numbi sporthemp | Skool se klerewinkel |
| Numbi sportbroek | Sweetpakbroek | Skool se klerewinkel |
| Blou sokkies met geel strepies / Numbi hokkiekouse (lank/kort). | Blou sokkies met geel strepies / Numbi hokkiekouse (lank/kort). | Enige klerewinkel in die dorp. |
| Seilskoene met veters of kittenband / Kaalvoete | Seilskoene met veters of kittenband / Kaalvoete | Enige klere- of skoenwinkel in die dorp. |
| Blou skooltrui met geel strepies. | Blou skooltrui met geel strepies. | |
| Sweetpakbaadjie | Sweetpakbaadjie | Skool se klerewinkel. |

**GEEN GEEL HEMP MAG GEDRA WORD MET DIE SWEETPAK NIE**

## 12. Die hantering van wangedrag

Die dissiplinêre verrigtinge oor die hantering van wangedrag sal, afhangende van die aard en vlak van die wangedrag, op die volgende wyse aandag gegee word:



**12.1 Vlak 1: wangedrag in die klaskamer**

Hierdie vlak van wangedrag sluit die volgende dade, uitgevoer deur leerders, in:

a. Versuim om betyds op te daag vir klas.
b. Klasbank
c. Versuim om skoolwerk te voltooi
d. Versuim om instruksies na te volg.
e. Oneerlike gedrag met geringe gevolge.

**12.2 Hoe vlak 1 se wangedrag hanteer sal word**

a. Dit sal uitgevoer word deur die klasonderwyser.
b. Mondelinge waarskuwing
c. Demerietes
d. Addisionele en konstruktiewe werk sal gegee word.
e. Klein, minimale takies soos die skoonmaak van die klaskamer.
f. Detensie waar die leerder die tyd konstruktief sal gebruik vir die leerproses.

**12.3 Vlak 2 – wangedrag deur die oortreding van skoolreëls.**

a. Aanhoudende oortredings van vlak 1 wangedrag.
b. Rook of in die besit van tabakprodukte: sigarette/e-sigarette ("vapes") of dagga.
c. Verlaat die skoolgronde sonder toestemming.
d. Onwelvoeglike taalgebruik.
e. Onderbreek onderrig en leer in die klaskamer.
f. Vandalisme soos graffiti.
g. Oneerlikheid met ernstige gevolge.

**12.4 Hoe vlak 2 se wangedrag hanteer sal word**

a. Enige van vlak 1 se gevolge.
b. Verwydering van leerder uit die klas. Leerder sal in die kantoor detensie sit.
c. Die ouers sal ingeroep word om die leerder vanaf die skool te kom haal.
d. Detensie
e. Dissiplinêre gesprek met die leerder.
f. Gesprek met leerder
g. Skriftelike waarskuwing
h. Onderteken 'n ooreenkoms met die leerder wat instem en belowe om te verbeter

**12.5 Vlak 3 – ernstige oortredings en skending van skool se gedragskode**

h. Aanhoudende oortreding van vlak 1 en 2 wangedrag
a. Toediening van geringe beserings teenoor 'n ander persoon.
b. Bakleiery
c. Dobbel
d. Ernstige ontwrigting van klas.
e. Vervals dokumente of handtekeninge met geringe nagevolge.
f. Rassistiese/seksistiese of enige ander diskriminerende gedrag.
g. Besit of versprei pornografiesemateriaal
h. In die besit van gevaarlike wapens.
i. Diefstal
j. Vandalisme
k. Oneerlikheid gedurende assessering
l. Bywoning van 2 of meer detensies.

**12.6 Hoe vlak 3 se wangedrag hanteer sal word**

a. Enige disiplinêre aksie sal uitgevoer word van vlak 1 of 2 se wangedrag.
b. Skriftelike waarskuwing met die moontlikheid van skorsing.
c. Verwysing na 'n berader of maatskaplike werker.
d. Gemeenskapsdiens met permissie van die LUR

**12.7 Vlak 4 – uiters ernstige wangedrag en skending van skool se gedragskode.**

a. Aanhoudende oortreding van vlak 1, 2 en 3 wangedrag
b. Dreig ander met gevaarlike wapens.
c. Veroorsaak opsetlike beserings aan ander.

d. Mondelinge dreigemente wat die veilgheid van ander in gedrang plaas.
e. Seksuele mishandeling: betas ander suggestief.
f. Seksuele aktiwiteite.
g. Verkoop van dwelms
h. In die besit /gebruik van alkohol en/of dwelms.
i. Onder die invloed van verbode/onwettige middels
j. Ontwrig die hele skool
k. Vervals dokumente of handtekeninge met ernstige gevolge

**12.8 Hoe vlak 4 se wangedrag hanteer sal word**

a. Enige disiplinêre aksie sal uitgevoer word van vlak 1, 2 of 3 se wangedrag
b. Verwys leerder na eksterne beraders.
c. Aansoek aan die provinsiale onderwys departement vir beperkte skorsing van alle skoolaktiwiteite.

**12.9 Vlak 5 – Kriminele dade wat die wet oortree**

a. Herhaling van vlak 4 wangedrag.
b. Aanranding
c. Opsetlike gebruik van gevaarlike wapens
d. Seksuele teistering
e. Seksuele mishandeling en verkragting
f. Diefstal
g. Grootskaalsediefstal
h. Inbreek en betreding van geslote skoolterrein.
i. Moord

**12.10 Hoe vlak 4 se wangedrag hanteer sal word**

Die dissiplinêre stappe wat geneem word om hierdie soort wangedrag te hanteer, is uitsluitlik die verantwoordelikheid van die skoolhoof en die SBL, tesame met die provinsiale onderwysdepartement.

a. Aansoek by die provinsiale onderwysdepartement vir skorsing of oorplasing van die leerder uit die skool
b. Laat toe dat kriminele en/of siviele vervolgingsprosesse in werking tree

## 13. Dissiplinêre stappe

**13.1.** 'n Dissiplinêre verhoor vind plaas wanneer 'n baie ernstige wangedrag gepleeg is.

**13.2.** Die prinsipaal verwys die probleem na die SBL oor 'n beslissing van 'n verhoor.

**13.3.** Die SBL moet reëlings tref vir 'n verhoor.

**13.4.** Die SBL moet verseker dat 'n regverdige verhoor plaasvind en dat dit nie die Handves van Regte, die Grondwet en enige provinsiale onderwysdepartement se regulasies sal oortree nie.

**13.5.** Die SBL sal 'n gepaste aantal mense aanstel om te kyk of die erns van die saak 'n verhoor regverdig.

**13.6.** Sodra die SBL besluit het om voort te gaan met 'n verhoor, moet hy 'n 5-lede tribunaal (komitee) aanstel om die saak aan te hoor.

**13.7.** Die tribunaallede hoef nie lede van die SBL te wees nie.

**13.8.** Leerders wat nie volgens gedragstandaarde uitleef nie of wat nie eerbiedig is teenoor die gedragsbeleid nie, sal geweier word om skooltoere en/of uitstappies by te woon.

## 14. Dissiplinêre verhoorproses

**14.1.** Die tribunaal sal 'n formele sitting hou om die verhoor te hou.

**14.2.** Die SBL sal die prinsipaal sanksioneer om die aanklagte teen die leerder skriftelik te kommunikeer en moet die leerder en sy/haar ouers/voog ten minste 2 dae voor die formele sitting van die verhoor in kennis stel. Die inligting moet die datum, tyd en plek insluit waar die verhoor sal plaasvind.

**14.3.** Die ouers moet vooraf gewaarsku word dat die verhoor kan lei tot 'n skorsing en skorsing van die leerder uit die skool.

**14.4.** Die leerder en sy/haar ouers moet meegedeel word dat hulle die reg het om getuienisse na die verhoor te bring.

**14.5.** Die leerder wat van die wangedrag aangekla word se ouers mag die verhoor bywoon, maar kan nie gedwing word om 'n getuienis te lewer nie.

**14.6.** Getuies kan na die verhoor geroep word en deur alle partye ondervra word.

**14.7.** Alle deelnemers aan die verhoor moet toegang hê tot alle dokumente wat aangebied word.

**14.8.** Alles wat tydens die verhoor gesê word, moet aangeteken/opgeneem

**14.9.** Die tribunaal sal sy aanbevelings aan die SBL rig.

**14.10.** Die SBL hoef nie die aanbevelings van die tribunaal te aanvaar nie en kan sommige van die sake na die tribunaal terugverwys vir verdere beraadslaging.

**14.11.** Die tribunal sal hul afleidings maak afhangende van die bewyse wat voorgelê is.

## 15. Vul/publiseer van die gedragskode

**15.1.** Die gedragskode moet openlik in die skool vertoon word.

**15.2.** Elke leerder by die skool moet aan die begin van die jaar 'n afskrif van die gedragskode ontvang.

**15.3.** Die kode moet op Grondslagfase-vlak aan jonger leerders voorgelees word.

**15.4.** Die kode moet in die amptelike tale van onderrig en leer in die skool wees.

**15.5.** Die skool verwag van alle leerders om hierdie beleid na te kom

**15.6.** Die skool sal 'n rekord hou om te bewys dat alle leerders die inhoud van hierdie beleid ken en verstaan.

## 16. Beleidshersiening

Die beleid sal elke 12 maande hersien word.

## 17. Datum van implementering

Hierdie Gedragskode vir leerders van Laerskool Numbi sal geïmplimenteer word vanaf die datum waarop die beleid aanvaar en onderteken is

## 18. Gevolgtrekking

Die gedragskode vir leerders is 'n riglyn wat 'n regstellende platform bied ten opsigte van die verwagte gedrag van leerders by ons skool. Die kode moet altyd deur alle leerders van hierdie skool nagekom word.